

DIE BOERDERY AS 'N BESIGHEID

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE VIER PRODUKSIEFAKTORE

Hoewel daar vier beskikbare besigheidsvorme beskikbaar is, naamlik vennootskappe, maatskappye/ beslote korporasies en trusts, word die oorgrote meerderheid van boerderye in Suid-Afrika as eenmansake bedryf. Boerderye word gevolglik merendeels as 'n familiesaak getipeer en wanneer die volgende geslag tot die boerdery toetree werk hulle ook eers vir die vader en erf dan die boerdery by sy afsterwe. Gewoonlik word die boerdery dan wéér as eenmansake in die seuns se hande voortgesit.

By wyse van definisie is 'n familiesaak een wat deur 'n familie besit en bestuur word. Die familie verskaf die grond, kapitaal en bestuur aan die boerdery in ruil vir 'n vergoeding. Hoewel die vergoeding nie noodwendig markverwant teenoor die insette is nie, maak die lewenswyse gewoonlik op vir die verlies aan vergoeding.

Hierdie verskynsel is nie uniek aan Suid-Afrika nie. Dit is 'n wêreldwye patroon van erfopvolging en besigheidstrukture vir boerderye. In Suid-Afrika is die verdeling tussen die onderskeie besigheidsvorme nagenoeg soos volg:

Eenmansake	59%
Vennootskappe	10%
Maatskappye/BK's	22%
Trusts	10%

In die meeste oorsese lande is die persentasie eenmansake nog hoër as in Suid-Afrika. Ongeag wat die verdeling egter is, is die vraag eerder wat die mees gepaste besigheidsvorm is om 'n boerdery in te bedryf? Om dit te kan beantwoord moet daar eerstens besin word oor die faktore wat 'n besigheid tot stand bring en tweedens wat die verskil tussen 'n familiesaak en 'n gewone besigheid is. Die besigheidstruktuur moet uiteindelik die doelwitte van die eenaar reflekteer en moet ook die gepaste voertuig wees om daardie doelwitte mee te kan bereik.

Die produksiefaktore

Tydens die produksieproses moet sekere insette omgeskakel word na 'n uitset wat deur iemand anders gebruik kan word. Daar is vier produksiefaktore wat nodig is om hierdie goedere of dienste om te skakel en aan die gemeenskap te kan voorsien naamlik natuurlike hulpbronne, kapitaal, arbeid en entrepreneurskap.

- **Natuurlike hulpbronne** is dit wat die natuur aan ons bied soos grond, water, klimaat, ens. Dit is 'n skaars en onvervangbare bron. As dit tot niet gaan kan dit nie weer vervang word nie.

- **Kapitaal** is nodig om die hulpbronne mee te verkry, geboue en infrastruktuur mee op te rig, masjinerie en implemente mee aan te skaf en grondstowwe mee aan te koop. Daar moet ook fondse beskikbaar wees om bedryfsuitgawes soos lone, telefoon, reparasies en elektrisiteit mee te kan betaal. Weer eens is kapitaal ook 'n skaars item en daarom moet dit reg aangewend word.
- **Arbeid** is die menslike wesens wat oor die tegniese vaardighede, die fisiese vermoëns en intektuele talente beskik om 'n produk te kan maak, dienste te kan verskaf of leiding te kan neem. In sekere sektore word arbeid as 'n skaars hulpbron beskou hoewel dit dalk nie noodwendig die geval in landbou is nie.
- **Ondernemingsgees** is die inisiatief wat 'n individu neem om die eerste drie faktore so te kombineer dat produkte en dienste tot bevrediging van die gemeenskap aangebied kan word. Die entrepreneur neem die risiko om die besigheid te begin en sy vergoeding is 'n wins uit die besigheid. Die risiko is dat hierdie vergoeding ook soms 'n verlies kan wees. Daarom is entrepreneurskap 'n skaars produksiefaktor omdat nie almal bereid is om hierdie risiko te neem nie.

Die ekonomiese beginsel

Die vier produksiefaktore is skaars en daarom ook duur. Dit maak dat die vier faktore so versigtig en verantwoordelik as moontlik aangewend moet word en dat daar soveel as moontlik daarmee gedoen moet word. Die besigheidsdoelwit moet dus wees dat die maksimum satisfaksie uit die minimum hoeveelheid produksiefaktore verkry moet word.

In die praktyk word die besluite oor die bevrediging wat die produksiefaktore moet bied en die koste daaraan verbonde deur baie faktore beïnvloed en dus deur baie persone geneem. In 'n kommunistiese land neem die staat gewoonlik die besluite oor wie watter produkte moet produseer terwyl dit in 'n vrye mark deur die markkragte van vraag en aanbod bepaal word.

Familiesaak vs Besigheid

Ten spyte van markkragte is daar tog unieke kragte wat in 'n familiesaak aan die werk is. Die belangrikste is dat die meeste besluite die familie se belange sowel as die sake-implikasies in ag neem. Die verskil tussen 'n familiesaak en 'n besigheid is dus soos volg:

Familiesaak	Besigheid
Beloning word gegee op grond van lidmaatskap binne die familie.	Beloning word gegee op grond van resultate op 'n spesifieke taak.
Opleiding is vaag en ongestandaardiseer omdat dit belangriker is om 'n goeie familielid te wees.	Opleiding is duidelik gedefinieer en gestandaardiseer om beter werkswerrigtinge te verseker.
Bevordering word op langdurigheid binne 'n onbuigbare stelsel gebaseer. Jy word in 'n spesifieke posisie gebore.	Bevordering word gebaseer op vaardighede en senioriteit. Harde werk word dus met 'n hoër posisie geassosieer.
Skeidings is gewoonlik traumaties sonder duidelike riglyne.	Skeidings is minder pynlik en geskied op spesifieke riglyne binne 'n gedefinieerde proses.
Operasionele beginsels vind op ywer en omgee plaas.	Operasionele beginsels vind op effektiwiteit en objektiwiteit plaas.
Basiese motief is om harmonie te soek.	Basiese motief is om 'n wins te maak.

Daar is 'n verantwoordelikheid aan verbonde om 'n besigheid te kan bedryf. Nodeloos om te noem dat 'n boerdery ook 'n besigheid is, al word dit deur 'n familie bedryf. Daarom moet die besigheid so gestruktureer word dat die produksiefaktore volhoubaar en winsgewend aangewend kan word en daarin moet slaag om voortdurend die gemeenskap se behoeftes te bevredig. Die keuse van 'n ondernemingsvorm waarbinne die produksiefaktore aangewend gaan word is dus 'n belangrike grondslag van enige besigheid. In die komense artikels sal hierdie aangeleentheid verder bespreek word.

BETHLEHEM
Mei 2005